

Sondag 23 Junie

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 11:27-34	Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 11:31
---	--

Selfondersoek voor nagmaal

Voor elke nagmaal moet ons as gelowiges onself deeglik ondersoek. Ons lees: Hy wat op 'n ongepaste wyse van die brood eet of uit die beker drink, sal skuldig wees aan sonde teen die liggaam en bloed van Christus. Daarom bring hy 'n oordeel oor homself.

Selfondersoek voor nagmaal is uiters belangrik. Ons lees in vers 31: *“As ons onself vooraf reg ondersoek het, sou ons nie onder die oordeel gekom het nie.”*

Hoe moet ons onself reg ondersoek? Ons lees in die Heidelbergse Kategismus Antwoord 81 dat hulle wat vanweë hulle sondes 'n afkeer van hulleself het, maar tog vertrou dat hulle sondes om Christus ontwil vergewe is, na die nagmaal mag kom. Verder mag ook diegene na die nagmaal kom wat begeer om hulle geloof hoe langer hoe meer te versterk en hulle lewe te verbeter.

Wie mag nie na die nagmaal kom nie? Die Kategismus sê: *“Huigelaars en dié wat hulle nie tot God bekeer nie, eet en drink 'n veroordeling oor hulleself.”* Dit is duidelik dat die gesindheid waarmee ons nagmaal gebruik vir die Here baie belangrik is. Só belangrik is dit dat die Here diegene wat op 'n ongepaste wyse nagmaal gebruik, sal straf met swakheid, siekte of selfs die dood (vs 30).

Voordat ons nagmaal gebruik, moet ons onself afvra: Is die Here werklik eerste in my lewe? Het ek die Here lief met my hele hart, en my naaste soos myself? Doen ek aan my medemens wat ek wil hê hulle aan my moet doen? Bely ek gereeld my sonde voor die Here? Het ek berou oor die sondes wat ek gedoen het? Ensovoorts.

Wanneer jy besef dat jy so ver tekortskiet van dit wat God verwag, bely dit opreg voor die Here en moenie aan sy genade twyfel nie. Want dan is jy gereed om ook nagmaal te gebruik.

Sing: Psalm 119-1:20

Ds. PJ van der Walt (Peet) (Emeritus)